Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 6 Augustus 1952. Prys 3d. Nr. 36.

# „Redding Lê in Brittanje se Eie Hande”

**„Die Britte se redding lê in hul eie hande, nie in dié van die konferensie van eerste ministers wat vir November byeengeroep is nie,” skryf Die Burger in verband met die Britse geldkrisis en voeg daaraan toe dat die hulp wat Suid-Afrika in die vorm van goud kan lewer net 'n druppel in die emmer van Engeland se nood is. Die blad skryf as volg nadat hy verwys het na die vermindering in die belastingstekort van £850 miljoen tot £150 miljoen per jaar:**

„Maar dit is in elk geval nie genoeg nie, want nog steeds teer Brittanje op sy verdwynende reserwes. Daarom het 'n Britse minister van finansies vir die soveelste maal gesê dat die land as geheel harder sal moet werk, meer sal moet verkoop en minder sal moet koop.

**„Dit is die sleutel tot Brittanje se rehabilitasie, want die Britse redding lê in hul eie hande, nie in dié van die konferensie van eerste ministers wat vir November byeengeroep is nie. Die lede van die Statebond kan Brittanje nie solvent hou nie.** Australië se poging om sy eie geldsake gesond te maak deur sy invoer skerp te verminder, het Engeland trouens lelik geknou. **Wat Suid-Afrika se hulp aanbetref, is die bykomende goud wat ons kan lewer 'n druppel in die emmer van Engeland se nood, terwyl die voorkeur wat sekere Engelse ware ontvang, die lewenskoste hier in sommige opsigte gevoelig opstoot (gaan die Sap-vrouens nie daaroor kla nie?), maar van te geringe omvang is om Engeland se moeilikhede noemenswaardig te verlig.**

### LOKOMOTIEWE

„As die Engelse werkers bereid sou wees om enkele ure meer per week te werk, sou Brittanje se ekonomiese sorge grotendeels verdwyn. Dan sou ons ook die lokomotiewe kry wat sowat vyf jaar gelede bestel is.

„As die werkers tot 'n loonsvermindering en die base tot 'n winsvermindering sou inwillig, sou nuwe deure na uitvoermarkte oopgaan en sou ook die Britse binnelandse pryspeil daal. As Brittanje voorts welsynsdienste sou inkrimp waarvoor hy kwalik kan betaal, sou verdere besuiniging moontlik wees.”

# Resep vir Britse Redding wat nie Aanvaar sal word

**„Brittanje sal moet harder werk, meer verkoop en minder koop,” het die Britse minister van finansies, Richard Butler, verlede week in die parlement gesê. Hy het verdere inkortings ten opsigte van sekere invoergoedere voorgestel, onder andere van Amerikaanse tabak.**

Butler het gesê dat die Britse werkers die gelyke van drie ure ekstra per week sal moet werk indien hulle die vooroorlogse invoerpeil wil handhaaf. Hoër lone sal Engeland uit die wêreldmark skop en tot bankrotskap lei.

Butler se toespraak is afgesluit onder aanhoudende geraas en geskreeu uit die opposisiebanke.

**Of die Britse werkers onder die opsweping en valse beloftes van die Arbeidersparty oorgehaal sal kan word tot groter kragsinspanning — om van laer lone nie eens te praat nie — is 'n saak wat nou reeds maar afgeskryf kan word. Partypolitiek sal verseker dat dit nie gebeur nie, en dit sal die Suid-Afrikaanse werker wees wat daardie ekstra drie uur per week as sy „bit” tot Brittanje se solventskap sal moet bybring. Daarvoor sal die Londense konferensie sorg.**

En wat die Suid-Afrikaanse opposisie betref, sal hy veel eerder teen verhoogde parlementêre salarisse beswaar maak — wat nog nooit gebeur het nie — as om teen groter offers vir Brittanje beswaar te maak.

# NUWE EKONOMIESE BANDE WORD IN LONDEN GESMEE

**Nog 'n konferensie van eerste ministers van die Britse Statebond sal teen die einde van November in Londen gehou word. Volgens Churchill, wat hierdie aankondiging verlede week in die Britse parlement gedoen het, het al die eerste ministers van die Empire — met uitsondering van die Goudkus-premier, Nkrumah, wat nie uitgenooi is nie — hul instemming met die konferensie as 'n „nuttige en tydige stap” betuig en sal òf in persoon òf deur 'n plaasvervanger teenwoordig wees.**

**Die oogmerk van die konferensie is om „dringende sake van finansiële, ekonomiese en handelsbeleid te bespreek waarmee die onderskeie regerings te doen het.” Ryksvoorkeur in verband met in- en uitvoer sal een van die vernaamste besprekingspunte wees.**

**Na verklaar word, sal dr. Malan weens 'n drukkende program tuis nie hierdie keer die konferensie bywoon nie en sal hy mnr. Havenga en moontlik ook mnr. Eric Louw afvaardig om hom daar te verteenwoordig.**

**Die Britse minister van finansies het in aansluiting by Churchill se aankondiging beklemtoon dat die konferensie die eerste stap is van 'n „grootse poging om 'n sterk en wyd gerespekteerde sterling as gesogte ruilmiddel te herstel.” Die gewilligheid waarmee die eerste ministers van die Statebondslande tot die hou van so 'n konferensie ingestem het, is bewys van die groot waarde wat oral geheg word aan die verkryging van die grootste mate van samewerking in die Statebond om die wêreld se ekonomiese vraagstukke op te los, het hy gesê en daaraan toegevoeg:**

**„In die afgelope jare is al baie vergaderings van Statebondsministers gehou oor individuele aspekte van hul algemene ekonomiese vraagstukke. Die omvang van raadpleging oor ekonomiese sake moet nou egter in die Statebond verbreed word.”**

Volgens die Londense korrespondent van die Cape Times sal die konferensie gerig wees op **„die verdere ontwikkeling van 'n gemeenskaplike ekonomiese beleid in 1953.”**

Die eerste vergadering van 'n komitee om die konferensie se besluite voor te berei het al verlede week plaasgevind.

**Dit is duidelik dat hierdie Empire-konferensie bestemd is om Suid-Afrika nog vaster aan Brittanje en sy geldelike nood te koppel as wat ooit voorheen die geval was.** Waar die Suid-Afrikaanse regering hom reeds vroeër in die jaar by monde van mnr. Klaas Havenga in Londen vereenselwig het met ekonomiese hulpverlening aan Brittanje, en mnr. Havenga reeds 'n beroep op die volk gedoen het om offers te bring terwille van Britse welstand, is dit 'n uitgemaakte saak dat Suid-Afrika geen selfstandige geluid op hierdie konferensie sal laat hoor nie, maar ewe gedwee borg sal teken vir Brittanje.

### GEEN TEENEISE

**Om een of ander rede meen die regering blykbaar dat hy geen eise aan Brittanje te stel het nie, en dat „samewerking” slegs uit toegeeflikheid aan die kant van Suid-Afrika bestaan.** Ons het hierdie houding ondervind sowel ten opsigte van Suid-Afrika se deelname aan Brittanje se verdedigingstelsel as die aanvaarding van ekonomiese en geldelike verpligtinge teenoor Brittanje en sy wankelende pond. Van die kant van Suid-Afrika is blykbaar geen teenvergoeding geëis nie. **Ons gaan ons hele militêre vermoë agter Brittanje skaar sowel in Afrika as die Midde-Ooste sonder dat vooraf 'n waarborg aan Brittanje gevra word dat Afrika — die gebied wat ons moet verdedig — veilig vir die witman gemaak sal word; sonder enige waarborg aan Brittanje se kant dat sy liberalisme en gelykstelling ná die verslaning van die kommunisme nie 'n swart oorheersing in Afrika sal bewerkstellig nie. Suid-Afrika het ekonomiese hulp aangebied en sy eie pond met een-derde in waarde laat daal tot groot skade vir die Suid-Afrikaanse burger, sonder dat maar aan Brittanje te kenne gegee is dat ons darem oorweging ten opsigte van die oorhandiging van die Britse Protektorate in ruil daarvoor verwag.**

### UITSAAIWESE

In sulke omstandighede het ons rede om te vrees dat Suid-Afrika maar net so klakkeloos agter die nuwe Britse ekonomiese saamwerkplan sal inval as wat hy 'n paar weke gelede ten opsigte van die uitsaaiwese gedoen het, toe ooreengekom is oor groter sameskakeling van uitsaaidienste binne die Empire met onder meer die doel om die „warme en intieme gevoel van Statebondseenheid” aan te wakker, soos die Cape Times dit uitgedruk het.

### OFFERS

In die jongste tyd het gesaghebbende stemme reeds opgegaan teen Suid-Afrika se hulpverlening aan Brittanje. **Prof. dr. H. W. J. Reynolds het op oortuigende wyse aangetoon dat Suid-Afrika net homself benadeel in sy hulpverlening aan Brittanje terwyl sy hulp maar 'n „druppel op 'n gloeiende plaat” is. Deur ons aan die Britse ekonomie te koppel word ons verplig om goedere van Brittanje te koop teen pryse wat 25 persent hoër is as wat dit elders gekoop kan word. Ook mnr. Havenga het erken dat Suid-Afrikaanse invoerders gedwing word om duurder goedere van Brittanje in te voer. Intussen bly groot ondernemings in ons land gekortwiek omdat Brittanje nie die nodige masjinerie kan of wil lewer nie. Selfs die Suid-Afrikaanse Spoorweë wag al so lank as drie jaar op sommige van hul noodsaaklike bestellings.**

Brittanje verkies vanselfsprekend om sy goedere in die eerste plaas aan lande te lewer wat met dollars betaal. Sy eie „familie” moet dit maar as 'n opoffering terwille van die liefde beskou en daarsonder klaarkom.

### IN SAP-DAE

In die jare toe Brittanje die groot wêreldmoondheid was, het verbreking van die Britse ekonomiese bande deel uitgemaak van die nasionale beleid. Ons pers was op sy agterpote toe ons ons wol en suiker deur middel van Brittanje aan ander lande verkoop, en selfs by een geleentheid gedurende 'n bottertekort Deense botter vanuit Londen ingevoer het in plaas van regstreeks uit Denemarke. So 'n beleid was onbegryplik vir die nasionale Afrikaner. **Maar die Sappe het gesê ons moet dit doen omdat Brittanje se vloot ons beskerm!**

Maar vandag, nou dat Brittanje self beskerming nodig het, word ons invoerders deur 'n nasionale minister gedwing om goedere duurder uit Brittanje in te voer, en word ons pond elke keer saam met die wankelende Britse pond in waarde verlaag sodat ons ook onregstreeks gedwing word om Brits te koop omdat nie-sterlinggoedere dan plotseling „duurder” gemaak word, soos toe Amerikaanse motors en masjinerie oornag met een-derde in prys gestyg het omdat Suid-Afrika sy pond agter Brittanje aan gedevalueer het.

**Dit is tyd dat die volk sy stem laat hoor — en wel voor Novembermaand!**

# Groter Vertroue in Verdediging

Die Amerikaanse generale staf is tans van mening dat 'n Russiese aanval in Europa wel ten ooste van die Pirenieë teengehou kan word. Die vroeëre mening was dat dit nie kan gebeur nie en dat die bewapening van Spanje gevolglik voorkeur moet ontvang.

Met die oog op die veranderde beleid sal Spanje voortaan net gehelp word om sy eie wapens te produseer, in plaas van die hoogste voorkeur te verkry in die toesegging van wapens deur Amerika. Die veranderde beleid is gegrond op die vordering van die Noord-Atlantiese Verbond sowel as die groot produksie van doeltreffende atoomwapens, word verklaar.

---

**Van mev. C. W. Basson,** Voortrekkerstraat, Porterville, het die hoofkwartier £4-14-0 ontvang. Behalwe ledegeld sluit dit in bydraes wat geskenk is vir Vryheidsdag en O.B.-dag (8 Augustus).

---

# O.B.-FUNKSIE

'n O.B.-dagfunksie in die generaalskap van mnr. J. A. Strauss word op Vrydagaand, 8 Augustus gehou in die huis van mev. Harris, Markstraat 51, Tiervlei. 'n Film van opnames in Amerika sal by die geleentheid deur dr. Dawid du Plessis vertoon word. Alle belangstellendes is welkom.

# Verwag Verdere Devaluasie

**„Ongetwyfeld sal die goudprys en die moontlike devaluasie van sterling bespreek word (op die aanstaande Empire-konferensie) hoewel dit nie lyk of devaluasie van sterling of verhoging van die goudprys iets aan die toestand sal kan verander nie.** Die enigste werklike oplossing is die verkryging van 'n uitvoersurplus aan goedere en dienste sonder 'n ooreenkomstige styging in die lewenstandaard, en om dit te bereik is daar geen kortpaadjie nie,” verklaar die Cape Argus.

DIE O.B., WOENSDAG, 6 AUGUSTUS 1952

# O.B. SE TOEKOMS

Die verjaardag van die Ossewabrandwag word hierdie week gevier in omstandighede wat aanvoer na 'n finale beslissing oor die toekoms van die Beweging. Dit sal Vrydag veertien jaar wees dat die Ossewaentjies in die Voortrekkereeufeesjaar hul opwekkingstog na die noorde in Kaapstad begin het. Uit hierdie ontwaking, waarin die Afrikanervolk soos een man die vreemde, verdelende partypolitiek opsy geskuif het vir die heraanvaarding van sy eie geesteskatte, is die Ossewabrandwag op 4 Februarie 1939 in Bloemfontein gebore met die doel om vir die praktyk die dinge te wen waarvoor ons oë in die Eeufeesjaar oopgegaan het. Omdat hy die vergestalting van die Ossewatrek geword het, is die geboortedag van die Ossewabrandwag jaarliks op 8 Augustus herdenk. Dat dit vir die O.B. 'n beslissende verjaardagviering sal wees, is seker, met die oog op die Laertrek en Grootraadsvergadering wat op 22 en 23 Augustus in Bloemfontein gehou sal word, want dit is duidelik dat die O.B. se leierkorps by hierdie geleentheid voor 'n kruispad sal staan, en die keuse wentel om drie moontlikhede.

**DRIE KEUSES**

In die eerste plaas sal oorweeg moet word of die Beweging die willose aanhangsel gaan word van 'n politieke party; in die tweede plaas of hy wil uitmond in 'n nuwe organisasie wat die stryd om Afrikanerideale gaan voortdra op 'n nuwe pad en in nuwe geselskap; en in die derde plaas of hy wil voortgaan soos tans en in die verlede.

Wat die derde moontlikheid betref sal daar rekening gehou moet word met die geesdrif wat die Beweging in sy eie geledere kan opwek vir die insameling van fondse en die oorreding van buitestaanders en veral die gewilligheid van laasgenoemde, om in groter getalle by die O.B. aan te sluit. Daar sal uitgemaak moet word in hoever sodanige opwekking en oorreding moontlik is binne 'n organisasie van wie die voormalige leier, blykens persuitlatings, die uitgesproke begeerte koester om as leier terug te keer met die doel om die Beweging agter die partypolitiek aan te haak — iets wat reeds in sekere dele van die land tot groot onaangenaamheid tussen kamerade gelei het.

Dit is bekend dat daar verskil van mening bestaan het oor die vraag of die Ossewabrandwag sy eie koers moet volg soos in die verlede dan wel of hy binne die Nasionale Party moet uitmond **onder voorwaardes wat dr. Malan stel en wat op die oomblik inhou dat daar geen groepvorming „rondom 'n persoon of rondom 'n ideaal" — soos dr. Malan dit gestel het — mag plaasvind nie.** Daar is diegene, onder wie dr. Van Rensburg, wat meen dat dit die weg van die O.B. moet wees en dat hy net 'n band van kameraadskap moet vorm. Hierteenoor staan daardie leiers wat voel dat die O.B. met sy suiwere republikeinse en antipartypolitieke standpunt nooit sy roeping binne die partypolitiek sal kan nakom nie **en in elk geval nie daardie deel van die volk wat hy van die partypolitiek gespeen het, weer aan die partypolitieke boesem mag gaan druk nie.**

**SKEIDING VAN WEË**

Dit skyn dus in elk geval duidelik dat daar 'n skeiding van weë sal kom tussen die onderskeie aanhangers van hierdie twee strominge, en dat die Beweging met verminderde kragte sal moet voortbeur indien hy besluit om die pad van die verlede te volg. Verminderde kragte alleen sou die O.B. nie kon weerhou van sy taak nie, want ons saak is sterk genoeg om nuwe rekrute te wen met die nodige ywer. **Maar indien die Beweging se gang belemmer sou word deur die voortgesette teenkanting van oud-leiers en oud-lede, kry die vraagstuk 'n ander kleur.**

Ten slotte bly daar die moontlikheid oor dat die Ossewabrandwag opgaan in 'n nuwe organisasie van beginselgenote wat onder 'n nuwe vaandel die stryd om ons ideale en beginsels kan voortsit. **Dit sal in ooreenstemming wees met die beleid wat meermale in die verlede deur die Grootraad uitgespreek is — die skepping van 'n front van organisasies en persone wat eenders dink oor die toekomsrigting en op die jongste Grootraad ook nog weer bevestig is.** Die vraag of hierdie front die O.B. as 'n selfstandige bondgenoot moet opneem sal beslis moet word op die punt of die front 'n federasie van selfstandige organisasies moet wees of te wel 'n geslote nuwe organisasie. As dit verkiesliker sou wees om die Ossewabrandwag in daardie geval maar te ontbind en te laat opgaan in 'n nuwe beweging wat die nastrewing van sy ideale waarborg, sal die sentiment wat aan die organisasie kleef, by die groot meerderheid seker nie die beslissende oorweging wees nie. Van die leiers wat nie die koers van dr. Van Rensburg — naamlik terugkeer na die partypolitiek — steun nie, het by geleentheid uitdruklik verklaar dat die O.B. wel bereid sal wees om te ontbind ter ondersteuning van 'n ander organisasie **indien hy die volstrekte waarborg het dat daardie organisasie sy ideale sal nastreef. Maar omdat hierdie waarborg nie deur 'n politieke party gegee kan word nie, en die praktyk inteendeel leer dat die nasionale politieke party eerder geneig is om ons ideale te verwater, was hierdie moontlikheid sover die politieke partye betref, uitgesluit en bly dit uitgesluit.**

(Vervolg in volgende kolom.)

(Vervolg van vorige kolom)

Dit is egter 'n ander saak wanneer 'n nuwe organisasie van beginselgenote tot stand sou kom wat die republikeinse fakkel uit die hand van die O.B. kan oorneem. Want dan het die Beweging sy taak volbring in die groot aflos na v o l k s v e r wesenliking wat reeds sedert die dae van Adriaan van Jaarsveld oor ons vlaktes gehardloop word.

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Sal Eed nie verbreek nie*

Ek het 'n brief van my leser „Propvol" ontvang waarin hy sy spyt uitspreek om te verneem dat daar van ons kamerade is wat oorweeg om uit die O.B. te bedank. „Ek altans," skryf hy, „kan dit nooit doen nie want ek het 'n eed afgelê wat ek nie sal verbreek nie.

„Die partypolitiek het nou die toppunt van sy glorie bereik. Maar wat het die arm man bereik? Nog nie eers die toppunt van die hoë lewenskoste nie. Ek weet nie waar dit alles gaan eindig nie.

„Ek kan nie verstaan dat die Afrikaners nog nie moeg is vir al die beloftes wat deur die politieke partye gemaak word nie. Ek stem en ek stem aanmekaar vir die Nasionale Party omdat ek glo dat die manne wat die Party lei ware Afrikaners is. Maar wat help dit? Die Party is blykbaar nie by magte om vir ons vryheid of voorspoed te gee nie. En as ek rondkyk wat aangaan dan lyk dinge vir my maar sleg.

„Ek is oortuig van een ding: As ons wil wegbreek uit die Britse Statebond uit, moet ons eers breek met die Britse regeringstelsel. Want die partypolitiek is 'n Verdeel-en-Heersspel waaruit die Afrikanervolk net verdeeldheid kry.

„As ons 'n nasie wil bou moet ons nie 'n persoon of 'n party aanhang nie, maar wel goeie en blywende beginsels waarop gebou kan word.

### *Moet Kontak maak met Naturelle*

„Ek kan nie begryp hoedat sommige van ons kamerade kan vra dat ons blad sy houding moet verander nie. Ons wil die waarheid weet en wat die blad skryf kan tog nie betwis word nie. Daar is een waarskuwing wat ons mede-Afrikaners tog asseblief ag op moet slaan: Moet u nie verbeel dat dr. Malan se regering vir altyd op die groen kussings sal sit nie. O nee. Die stemmery is maar 'n wisselvallige besigheid. Die een wat vandag regeer moet môre weer opponeer. En wat vandag gedoen word word môre weer afgebreek.

„Ek wil graag iets ter oorweging gee in verband met die kleurvraagstuk. Ek wil sê: Wees versigtig. Ek ken die naturel baie goed want ek kom dikwels met hom in aanraking. Ek ken ook sy sienswyse. Een ding wat naturelle al dikwels vir my gevra het, is: Hoekom praat julle witmense nie met ons nie. Hulle bedoel waarom stel die witmense dan nie hul beleid of hul standpunt aan die naturelle nie, m.a.w. waarom kom ons witmense nie met hulle in aanraking nie?

„Een ding moet ons onthou: As ons vyande maak van die naturelle en nie daarin kan slaag om hulle vertroue te wen nie, sal ons nie so maklik die doel bereik waarna ons treef nie.

„Wat belet ons om vergaderings te hou vir die naturelle en om hulle samewerking te vra om die doel te bereik waarna ons streef — in ons eie sowel as in hulle belang. As ons nooit in aanraking met die naturelle kom nie sal ons nooit daarin slaag om hulle vertroue te wen en hulle samewerking te verkry nie.

„Ek gee ter oorweging dat ons belange kontak tussen witman en swartman vereis."

### *Wat die Een Party Opgerig het . . .*

My leser skryf dat wat een partyregering vandag doen môre weer deur 'n ander partyregering afgebreek word. Dit laat my dink aan die Wet op Kleurlingkiesers. Daarom wentel ongetwyfeld een van die nuutste en skouspelagtigste voorbeelde van die onsinnige praktyk waarvan my leser praat.

Die huidige regeringstelsel het hierdie wet wat die kleurlingkiesers op aparte kieserslyste plaas in die parlement deurgeloods in die aangesig van die onstuimigste teenkanting van die opposisieparty en sy pers.

Daarna het die Wet na die Hooggeregshof en later na die Appèlhof gegaan, wat dit ongeldig verklaar het.

Toe het die regeringsparty 'n wet deurgedryf in die parlement wat laasgenoemde die hoogste hof in die land maak en hom (die parlement) in staat stel om die uitspraak van die Appèlhof omver te werp. Die aanname van hierdie wet het ook gepaard gegaan met nagsitting en ewe heftige teenkanting van die opposisieparty en sy pers.

Die geldigheid van die Wet op die Hoë Hof van die Parlement gaan ook in die Hooggeregshof en bes moontlik weer in die Appèlhof getoets word.

En die Hoë Hof van die Parlement is in die tussentyd reeds besig om die Eerste Minister se appèl teen die uitspraak van die Appèlhof te oorweeg.

### *Gaan die Ander Party Afbreek*

Dink nou net aan die geweldige uitgawes wat reeds in verband met die hele kwessie aangegaan is en nog aangegaan sal word; dink aan die tyd wat daaraan bestee is, en nog bestee gaan word; dink aan die stryd wat daaroor ontketen is en die vyandskap wat daardeur verwek is en nog verwek gaan word — en vra dan wat die einde daarvan sal wees.

Die antwoord word gegee deur die leiers van die opposisieparty. Hulle verklaar dat hulle die betrokke wetgewing sal herroep sodra hulle weer aan bewind kom. En hulle moet oor 'n paar jaar weer aan bewind kom want geen party regeer vir altyd nie. Hy regeer hoogstens maar vir tien jaar.

En dan gaan die wetgewing wat die Nasionale Party met soveel sorg en sweet laat aanneem het eenvoudig weer afgebreek word — en die belastingbetalers moet die rekening vereffen.

So is die partypolitiek. Daarom lei dit na nêrens nie. Net na die bewindsbuit deur die party wat toevallig die meerderheid by die stembus behaal.

### *Partystelsel Moet Verdwyn*

Hoe kan hierdie soort ding verhoed word? Slegs deur die afskaffing van die partystelsel, want solank die partystelsel van regering en opposisie wat mekaar afwissel bly bestaan is dit onvermydelik.

Die partypolitici voer natuurlik aan dat die kiesers altyd vir hulle bepaalde party moet stem om te verhoed dat hul opposisieparty weer afbreek wat hulle opgerig het. Afgesien van die feit dat die meerderheid van die kiesers nooit altyd vir dieselfde party stem nie, beteken die argument van die partypolitici tog ook maar eintlik die afskaffing van die partystelsel soos ons hom ken en die instelling van 'n eenparty-diktatuur. Niemand neem dit ernstig op nie.

Die enigste manier om te verhoed dat opvolgende regerings mekaar se werk afbreek (sonder dat 'n diktatuur ingestel word), is om die partystelsel wat betaalde opposisie vereis af te skaf. En om in die plek daarvan te stel presidensiële regering wat gerugsteun word deur wetgewende liggame van volks- en beroepsverteenwoordigers. Dan verdwyn gedwonge, georganiseerde en betaalde op-

(Vervolg op bladsy 4 kolom 4)


**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANG 1950—1951**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**



**FONDSDAG-INSAMELING**

**Die WELLINGTON-KOMMANDO hou sy JAARLIKSE**

**BRAAIVLEISFUNKSIE**

**op VRYDAG, 15 AUGUSTUS vanaf 6 nm. op die plaas HOUTBAAI, van Komdt. C. P. J. du Toit.**

**Spreker: EERW. J. M. N. BREEDT.**

**Lede van omliggende Kommando's word weer hartlik uitgenooi net soos in die verlede.**

**Gee asseblief vooraf kennis dat u kom aan die kommandant (Foon 6811, Wellington).**

**O.B.-lede, kom seker en bring julle Republikeinse Vriende saam! Dankie.**

# Soos Ons Lesers Dit Sien

## TWEE SAKE STAAN VOOROP AS ONS WIL SAAMWERK

**Mnr. P. H. Hoffmann, Winkelpos, Kroonstad, skryf:**

„Van die Os op die Esel” van Sybrand was regtig hierdie week interessant, net jammer dat so 'n klein deeltjie van die volk dit lees.

Ek reken ook dat die tyd daar is om saam te werk met adv. Pirow en ander enersdenkende organisasies. Maar hulle moet **enersdenkend** wees.

Twee doelstellings: Republiek buite die empaaier en algehele apartheid moet nie verwater wees nie.

Algehele skeiding tussen blank en naturelle word te min aan die volk verduidelik; daar is teveel Kapitalistiese belange wat dit verhinder en sodoende net so nadelig is as Kommunisme.

Ek het hierdie week 'n inleidingsartikel in Die Vaderland gelees wat die Sappe gerus stel dat die regering geen beleid van algehele afskeiding sal aanneem nie.

Ek het in een van die engelse koerante 'n inleidingsartikel gelees waar hul baie bang is dat die naturelle-arbeid sal verdwyn met so 'n beleid.

Daar het jy die hele oorsaak van teenkanting teen so 'n beleid. 'n Deel van die Suid-Afrikaners is nie bereid om naturelle-arbeid te verruil vir die behoud van die Westerse beskawing nie en die Britse pers in Suid-Afrika is die basuinblasers van daardie mense.

Dit sal harde werk kos om die meerderheid vir ons beleid te kry want die Unie sal groot geldelike offers moet bring. Maar ek glo nie dit sal groter offers wees as wat ons in die afgelope oorlog gedoen het om Engeland en Rusland te help nie.

Sal dit nie die beste metode wees om so 'n beleid in pamfletvorm te versprei ook onder die naturelle in hul eie taal nie?

Daar is baie N.P.-lede wat daardie beleid steun. Ek het nou die dag met 'n Engelsman wat maar 'n paar jaar hier is gesels en selfs hy reken algehele segregasie is die enigste oplossing.

Maar ons sal teenkanting kry, dog dit is al wat die blanke beskawing kan red.

## STRUIKELBLOKKE IN PAD VAN OPLOSSING

**Mnr. P. C. Kruger, Pk. Stofberg, skryf:**

Sybrand sê in sy artikel van 16 Julie dat die aanvaarding van nie-blanke politieke groepsverteenwoordiging in die parlement is die begin van algehele gelykstelling. Ek het reeds aan dr. Malan geskryf dat die aparte woonbuurtes sonder aparte politieke regte die kleurvraagstuk nie gaan oplos nie. Nog minder kan dit die blanke se voortbestaan en baasskap in sy eie huis bestendig, want die weinige politieke regte wat aan die nieblanke in die blanke gebied gegee kan word, stel hom nie tevrede nie en maak net 'n vyand van hom. Totsover my brief aan dr. Malan. Om die afsonderlike ontwikkeling van die witman en die Bantoe te verkry asook eenwording van die blanke groepe is dit noodsaaklik dat ons grondwet heeltemal verander of deur 'n nuwe vervang moet word. Die bestaande grondwet verskaf politieke regte aan die nie-blanke en lê die beginsel neer dat die blankes nooit een volk mag word nie. Hierdie wet is van die Britse imperialiste afkomstig, en sedert ons dit as grondslag vir unifikasie aanvaar het, dryf ons al verder van blanke baasskap in eie huis en al nader aan gelykstelling in die blanke gebied, terwyl ons geen seggenskap in die naturelle-gebiede het, wat onder Britse proteksie staan nie. En omdat die Britte geen werkgeleentheid in daardie gebiede geskep het nie, stroom die Bantoes vandaar af in na die blanke gebied. En nou beskuldig die Britte ons dat ons die Bantoe se regte van hom afgevat het!

Die huidige grondwet wat verder ook nog partypolitiek verpligtend maak staan in die pad van 'n verenigde volk. Hoe kan ons ons ideale daarmee bereik?

## KRITIEK OP O.B.

**Mnr. U. A. van der Smit, Brandfort, skryf:**

U blad word die afgelope maande deur my gelees daar 'n familielid die intekengeld vir ses maande vir my betaal het. Dit is eintlik in herinnering aan 'n ou belofte van my dat ek weer by die O.B. sou aansluit as dr. Van Rensburg nie meer leier is nie, want as vurige republikein was ek diep geskok deur sy optrede in 1941/42 toe staatsamptenare „eervolle” ontslag uit die beweging gekry het nadat die destydse regering lidmaatskap aan die O.B. verbied het. Toe generaal Cronje in die Tweede Vryheidsoorlog oorgegee het op Majubadag kon die burgers wat nie wou oorgee nie hulle weg deur die vyand baan na vryheid en stryd, maar ons het geen keuse gehad nie.

Nou is dr. Van Rensburg uit die hoogste posisie van die O.B. en volgens berigte terug in die partypolitiek waarteen hy so hewig gekant was.

U verlekker u skynbaar in die blootlegging van die flaters van die politieke partye en daar deur bou u die muur tussen die O.B. en die partye op en gevolglik tussen Afrikaner en Afrikaner. U moet mooi verstaan dat Staatsamptenare en Spoorwegamptenare nie aan die bedrywighede van u organisasie mag deelneem en lede mag wees nie. (die verbod is al herroep — Red.) Hulle kan alleen deur middel van die party nader aan 'n republiek kom en as u so te velde trek teen die partye, dink u nie dat u die republikeinse saak skade aandoen nie? U oordryf sake beslis en moet 'n meer gematigde houding inneem as u iets wil bereik. U moes nagedink het hieroor nadat u die brief van mnr. C. J. Marais van Bethal wat in u blad van 9 deser verskyn het, gelees het.

U antwoorde op die skrywer se brief getuig van eensydigheid. Dit lyk nie of u die goed bedoelde raad van die skrywer ter harte neem nie. Dis jammer want ek voel oortuig dat u veel meer in belang van Suid-Afrika kan uitrig en die saak van die republiek meer kan bevorder deur, al is dit dan net tot blanke bestaan in hierdie land verseker is, met alle republikeine saam te werk. (Hierdie argument het ons in ons hoofartikel verlede week behandel — Red.)

Ek is nie verkleef aan 'n politieke party nie maar onder bestaande toestande skaar ek my by diegene wat veg vir my bestaan en die van my nageslag. Partypolitiek en eie eer moet beslis wyk waar volksbelang op die spel is. Ons kan nie bekostig om verdeeld te wees nie, maar wat gebeur, die pers verdeel ons. Vernietig die pers en blank Suid-Afrika is een. U blad dra ook ruimskoots by tot die verdeelbeleid. (Die partye skep die koerante, nie die koerante die partye nie — Red.)

## Wildtuin van Kalahari allig Oopgestel

Die Nasionale Parkeraad oorweeg tans die moontlikheid om die gemsbokreserwe vir toeriste oop te stel.

Die Kalahari-gemsbokreserwe, 250 myl vanaf Upington en Kuruman geleë, is 'n toevlugsoord vir 90,000 gemsbokke, 70,000 springbokke, 20,000 wildebeeste, 20,000 hartbeeste, 2,000 koedoes, 1,000 elande, 15,000 volstruise en 400 leeus. Daar is ook 'n groot aantal klein diertjies en 'n groot versameling voëls.

'n Boesman-nedersetting is ook een van die groot toeriste-aantreklikhede van hierdie gebied.

# GEVEG MOET DAAR WORD: DUS MAAR SKYNGEVEGTE

**„Dit is seker dat nasionalisasie in die volgende verkiesing nie 'n belangrike plek in die Arbeidersparty se manifes sal inneem nie en denasionalisasie sal net so min 'n belangrike plek in die Konserwatiewe Party se program inneem. Die stryd sal voortduur, maar daar sal net skyngevegte plaasvind waaraan die partye moet deelneem.” So lui 'n berig in die Engelse pers in verband met die politieke toestand in Brittanje, nadat aangetoon is hoe die politieke partye ten spyte van groot verkiesingslawaai niks doen om hul sogenaamde beleid uit te voer nie.**

Die berig lui dat die eerste sitting van die Britse parlement onder Konserwatiewe Partybewind ten einde loop sonder dat enige maatreël vir denasionalisasie van bedrywe ingedien is. **„Dit behoort verbasing te wek, aangesien nasionalisasie die eintlike twispunt tussen Konserwatiewes en Sosialiste is. Nogtans is die Konserwatiewe se voorstelle vir denasionalisasie herhaaldelik uitgestel sedert hulle die bewind in Oktober verlede jaar verower het.”**

**„GISTER IS NIE VANDAG”**

Dan word 'n aantal redes genoem waarom dit so is, waaraan die korrespondent toevoeg: „Die feit bly egter dat 'n regering wat dit werklik ernstig met denasionalisasie bedoel het, ten opsigte van 'n paar nywerhede dit kon gedoen het.”

Een van die regeringslede, lord Hailsham, het ter verskoning verklaar dat die feit dat nasionalisasie drie jaar gelede verkeerd was, nie vanself inhou dat denasionalisasie tans goed is nie!

**Hierdie twispunt het dus inderdaad opgehou om 'n strydpunt te wees, hoewel die Britse kiesers juis by uitstek hieroor opgesweep is om te gaan stem. Hierdie stryd sal egter voortduur, hoewel dit maar net 'n skyngeveg sal wees, so lui die voorspelling van die korrespondent, want die politieke partye MOET iets hê om oor te veg, en die kiesers iets om voor of teen te stem.**

---

**'n Depressie word nie verwag** nie, volgens die president van die Reserwebank, dr. M. H. de Kock, wat verklaar het dat daar wel 'n teruggang in die wêreld se ekonomiese bedrywighede mag plaasvind, maar dat dit onwaarskynlik is dat so 'n resessie in 'n ware depressie sal ontwikkel. Dit sal eerder die vorm van 'n heraanpassing wees ná die inflasietoestand.

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B.”** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**


### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Pösbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49



**Beter Tabak ***

**maak Beter Sigarette**




**Kommando**

**Suid-Afrika se *gewildste* sigaret**

* *Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

GI-3070A

# PARTYSTELSEL DEUG NIE SÊ ENGELSE SKRYWER

**„Byna alle vorige pogings om ons vraagstuk van rassespanning op te los, was gegrond op metodes wat ons van Brittanje geërf het: parlementêre regering deur middel van die partystelsel. Ons het 'n tegniek gebruik wat in baie min lande geslaag het en dan ook net in bepaalde omstandighede." Hierdie stelling is afkomstig van 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner, A. Keppel-Jones, skrywer van die boek, „When Smuts Goes," wat in 'n artikelreeks in die Cape Argus 'n oplossing aan die hand doen vir 'n beter verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Sy plan is 'n federasie wat berus op 'n herverdeling van die Unie in gebiede volgens taal.**

**Met verwysing na die partystelsel gaan hy voort met te verklaar dat ons onsself nog nie afgevra het of die omstandighede wat die partystelsel in die enkele ander lande laat slaag het, by ons ook aanwesig is nie. „Ons is nie die enigste land wat hierdie fout begaan het nie, maar die gevolge is veel ernstiger in ons geval as in meeste ander lande. Party-regering werk wanneer die partye oor ondergeskikte punte van beleid verskil, maar saamstem oor fundamentele sake.** Moet ons 'n hoër of 'n laer tarief hê? Moet werkgewers betaal vir die behuising van hul werkers? Moet padvervoer vrylik meeding met ons spoorweë? Oor sulke en dergelike sake kan ons warm argumenteer, maar die beslissing van 'n parlementêre of volksmeerderheid sal met mindere of meerdere teensin deur die verloorders aanvaar word.

„Ook oor die vraag of 'n regering die land behoorlik regeer en of hy die volk met te veel aanmatiging behandel het, kan daar verskil van mening bestaan en die bestaan van 'n alternatiewe party kan die kiesers help om die sake te herstel.

### HEELTEMAL VERSKILLEND

**„Maar ons groot politieke vraagstukke is van heeltemal ander aard.** Moet die Afrikaanse tradisie en taal in onverminderde krag voortgaan? Moet Engels op 'n voet van algehele gelykheid met Afrikaans behandel word? Moet die ‚blanke' beskawing gehandhaaf word? Moet die swartman in staat gestel word om ekonomies en politiek te ontwikkel sover as wat sy vermoë hom toelaat? Moet die blanke gemeenskap beskerm word teen die mag wat getalle aan die nie-blankes besorg?

**„Dit moet duidelik wees dat hierdie vrae in 'n ander klas as die eersgenoemdes val. Die regte wat hierby betrokke is, kan nie deur politieke rekenkunde bepaal word nie.**

**„Die verskillende elemente in ons bevolking sal 'n gemeenskaplike nasieskap alleen aanvaar in sover die fundamentele regte van elkeen deur die ander gehandhaaf word. Hulle kan nie hierdie regte onderhewig maak aan 'n verkiesing wat beslis mag word oor die skaarste aan suiker of die prys van mielies nie.**

**„Maar omdat ons nog nooit verder as die partystelsel gekyk het nie, het ons aangehou maak asof hierdie vraagstukke op so 'n wyse besleg word . . . Wat ons moet oorweeg is 'n ander soort metode om oor sulke sake te beslis.**

Die skrywer bepleit dan 'n federale stelsel waar elke taalgroep verseker sal wees van sy baasskap in sy eie gebied. Dit sal vertroue bring in plek van die huidige agterdog, en minderhede sal beskerm wees deur die vermoë van hul eie taalgebiede wat kan wraak neem op die ander minderheidsgroep in geval van onderdrukking.

## Vredesooreenkoms Bekragtig

Die ooreenkoms tussen Duitsland en die Westerse Geallieerdes wat die staat van oorlog beëindig, is deur die Britse parlement goedgekeur. Die Arbeiders-opposisie het daarteen gestem met die beswaar dat dit 'n ontydige reëling is.

Die enigste ander land wat dit bekragtig het, is Amerika. Die Franse en Duitse parlemente moet nog daaroor beslis.

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY

**SANLAM**

IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★

# BANTOEHOOFDE WIL GEBIEDSKEIDING HÊ

**Die stigting van 'n naturelle-ambassade in blanke stedelike gebiede om te dien as die oë en wagte van die tuisgebied (naturellereserwes) is voorgestel aan die Tomlinson-kommissie deur die Transvaalse Raad van Naturellehoofmanne.**

Die raad steun ook in beginsel die afsonderlike ontwikkeling van naturelle- en blanke gebiede Hulle steun die gedagte dat die totale bantoebevolking in die reserwes opgeneem moet word op voorwaarde dat die lewenstandaarde daar redelik sal wees.

Die stigting van dorpe in die reserwe sal daartoe bydra om oortollige naturelle van die grond af weg te kry.

Hierdie mening is by monde van die voorsitter, W. K. Matle en die president van die raad L. S. Mokgatle, uitgespreek. Die raad dring aan op erkenning van owerheidsweë, en maak daarop aanspraak dat hy verteenwoordigend is van die naturellestamme in Transvaal. Hy vra om uitbreiding van die magte van die stamhoofde in die naturellegebiede.

Verteenwoordigers van hierdie kapteins moet dan in die stedelike gebiede benoem word om die belange van hul onderdane te behartig.

Naturellemans wat uit die naturellegebiede na die stede wil gaan om daar te gaan werk, moet eers die skriftelike toestemming van die stamhoofde kry.

Mokgatle, het die mening uitgespreek dat as die raad van owerheidsweë erkenning geniet, dit sterk genoeg sal kan word om leiers van agitatortipes te kan uitskakel.

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

GEHOORAPPARAAT

OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede

**O.B. VRIENDSKAPSENTRUM**

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

*Vir*

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*

# OOM JAN VAN ZYL OORLEDE

**Mnr. J. J. M. (oom Jan) van Zyl, oud-L.V. vir Ceres, en vader van die Kaaplandse Gebiedsleier van die Ossewabrandwag, dr. F. D. du Toit van Zyl, is Sondagmôre in die ouderdom van tagtig jaar in Kaapstad oorlede. Net soos sy lewe 'n toonbeeld van ewewigtige kalmte was, was sy heengaan ook rustig in sy slaap. Die begrafnis het gister op die familieplaas Vanzylsdamme, in die distrik Ladismith, plaasgevind.**

Oom Jan is op 2 Mei 1872 op die familieplaas gebore waar hy sy hele lewe lank gebly het. Van vroeg af het hy groot belangstelling in die openbare lewe en veral die stryd van die Afrikaner na selfverwesenliking geopenbaar en aan baie liggame deelgeneem. Sedert 1918 was hy volksraadslid van Ladismith en later van die kiesafdeling Ceres, waarvan Ladismith 'n deel geword het. Hy was 'n oortuigde republikein en het tot aan die end van sy lewe geglo dat die enigste wyse is waarop die twee blanke bevolkingsgroepe in ons land saamgesnoer kan word.

In die politiek was oom Jan 'n harde dog skoon vegter wat sy groot aantal vriende ook buite die grense van sy eie party getel het. Met 'n sterk meegevoel vir sy medemens het hy in almal, tot sy plaasvolk, intiem belang gestel, en voor sy vertrek na die hospitaal het hy eers nog sy plaasvolk almal laat saamroep om afskeid van hulle te neem.

Oom Jan word oorleef deur sy eggenote en nege kinders aan wie hy almal 'n goeie opleiding besorg het ten spyte van moeilike jare wat gevolg het op die ineenstorting van die volstruisveermark in 1913.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Van die Os op die Esel

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

posisie en in die plek daarvan kom beslissings-deur-oortuiging in die wetgewende vergaderings van die volk. Dit beteken dat mnr. A en B wat vandag saamstaan om 'n maatreël te opponeer môre bv. weer teen mekaar staan oor 'n ander maatreël. So verdwyn gedwonge en georganiseerde opposisie en so word bestendigheid en kontinuïteit van wetgewing verkry.

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

DIE VERHAAL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERVOERWESE

## IN DIE SPORE VAN DIE OSSEWA


*Die Spoorwegbusse is Vandag die „Wiele" wat Voortrol*

'n Mens kan jou haas nie 'n Suid-Afrikaanse toneel sonder die spoorwegbusse voorstel nie. Nogtans het die padmotordienste van die S.A.S. eers in 1912 met 'n diens tussen Botrivier en Hermanus in Kaapland 'n aanvang geneem. Sir William Hoy, die eerste Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, was een van die eerste passasiers van hierdie diens—toe hy op weg na Hermanus was om vakansie te gaan hou. Die organisasie behels nou—slegs 40 jaar later—27,000 myl van roetes wat selfs die van die spoorweë oortref en dit bring moderne goedere- en passasiersvervoer na die mees afgeleë plekke in die Unie. Die snelheid waarmee die diens uitgebrei het, is bewys van die waarde wat dit vir die mense in die verafgeleë uithoeke inhou, waar die spoorwegbus die plek van die ossewa ingeneem, en dieselkrag die trekkrag van osse vervang het.



*BO: Een van Suid-Afrika se skouspelagtigste aantreklikhede vir toeriste is die vyfdaagse reis in 'n luukse-voertuig tussen Kaapstad en Durban. Hierdie toer word as 'n volledige vakansie gereël en die reisgeld sluit alle akkommodasie en maaltye in.*

*ONDER: Hierdie eertydse padmotorbus sal baie mense laat terugdink aan die dae voordat vaartbelyning en dieselkrag bekend was. Die vloot van die padmotordienste bestaan tans uit byna 400 passasiersvoertuie, 650 goedere- en tweedoelige voertuie en meer as 600 aanhangwaens.*



Een van 'n Reeks Advertensies wat deur die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë in 1952, die Jaar van Suid-Afrika se derde Eeufees, Aangebied word (S.A.S.6K)